**Abraham moet Isak offer – om stewig aan hoop vas te hou**

**Gen 22:1-19**

**19 November 2023**

1. Vantevore: Abimeleg is gefassineer deur die werk van die Here in Abraham, wil soortgelyke verdrag met Abraham sluit as die verbond tussen die Here en Abraham. Abraham gebruik geleentheid om die saak van die put op te klaar. Uiteinde is: Abraham besit 'n put – klein treetjie in vervulling van die Here se beloftes.
2. Gen 21:1-19 – hoogtepunt in toledot oor Abraham (Gen 11:27-25:11)
3. Abraham se geloof word getoets (Gen 22:1-2)
    a. Die Here toets Abraham – meer intens as tot dusver (v1)
    b. "Na verloop van tyd" – waarskynlik meer as dekade later (v1)
    c. V1-9: God/Elohim, V10 en verder: die Here/Jahwe
    d. Abraham se antwoord: "Hier is ek" (v1, 11, vgl Eks 3:4, 1 Sam 3:14, Jes 6:8, Heb 10:7)
    e. Abraham moet Isak offer – sy seun, enigste seun, wat hy liefhet (v2)
    f. Brandoffer is volledig verbrand
    g. Hoekom die opdrag? Vgl Noagverbond, 6de gebod, gruwel om kinders te offer
    h. Moria = berg waar tempel gebou is in Jerusalem (2 Kron 3:1, Jes 2:3)
4. Abraham se gehoorsaamheid (Gen 22:3-10)
    a. Abraham gehoorsaam met dringendheid en in deeglikheid (v3)
    b. Abraham volhard in gehoorsaamheid (v4)
    c. Abraham verwag Isak sal terugkom – die Here sal hom opwek (v5, Heb 11:17-19)
    d. Abraham verwag die Here sal voorsien (v6-8)
    e. Abraham is volledig gehoorsaam (v9-11)
5. Abraham vind baat uit die gebeure (Gen 22:11-19)
    a. Die Here verklaar Abraham vrees die Here (v11-12)
        - Abraham se optrede het getoon hy vrees die Here
        - Nou verklaar die Here teenoor Abraham hy vrees die Here
        - As gelowiges toets deurstaan, lei dit tot lewe, hoop (Jak 1:12, Rom 5:3-5)
    b. Die Here voorsien 'n plaasvervangende offer (v13-14)
        - Beplan om vlge week in detail te bespreek
    c. Die Here sweer 'n eed by Homself (15-18)
        - Motivering vir eed: Abraham was bereid om Isak te offer
        - Inhoud van eed: Beloftes van die Here aan Abraham (Gen 12:1-3)
        - Ontwikkeling sodat Abraham sekerheid kan hê:
            - Gen 12: Beloftes van die Here
            - Gen 15: Verbond met Abraham
            - Gen 17: Besnydenis as teken van die verbond
            - Gen 22: Bevestiging van beloftes deur die Here se eed by Homself
        - Heb 6:13-20:
            - V17: Die eed moet vir gelowiges aantoon die Here se beloftes is seker
            - V18: Inhoud van beloftes en eed is dieselfde – betroubare getuies
            - V18: Kragtige bemoediging om vas te hou aan die hoop
            - V19: Hoop is anker wat tot agter voorhangsel strek
6. Die beloftes en eed van die Here aan Abraham is ook bedoel om gelowiges te bemoedig om aan hoop vas te hou – hoop op die volle vervulling van God se beloftes aan Abraham.